is die uitdaging? Dis dikwels die persone en omstandighede wat ons die graagste vermy, wat ons die nodigste het. Die ry by Binnelandse sake of daardie persoon wat jy nie kan vat nie, nie eers met 'n braaitang nie. Begin bid vir hom of haar. Dis al, jy hoef nie nice te wees nie, dit werk in elk geval nie, bid net! Ons kan nie daardie persoon verander nie. Maar die Here kan, dis Sy werk. En in die proses werk die Here ook in ons lewens. Ons is gevra om tydens die verskillende gemeentes se week van gebed se gesamentlike afsluiting begin volgende jaar, te praat oor die onderwerp. Dìt is 'n groot uitdaging.

Persoonlike Gebedsversoeke

- Ons vervoer bly maar 'n kopseer en het dit dinge met tye moeilik geraak. Die bakkie was meer stukkend as wat hy reg was die jaar. Bid vir wysheid om te weet wat om met hom te doen as hy nou eers weer reg is. Die Mazda 123 is 'n frustrasie, nie omdat hy stukkend is nie, hy is nog blitsvinnig, maar omdat almal hom wil koop die oomblik as jy iewers parkeer, en van die mense raak sommer baie opdringerig. Ek het al 'n slag of wat dinge lelik verloor in die openbaar nogal! So as die bakkie reg is sal ons waarskynlik vir Vlammetjie verkoop. Ons is nietemin bly dat ons vervoer het en vir ons vriende se hulp wanneer ons ander vervoer nodig het. Baie dankie julle.
- Soos reeds gemeld is dit groot besluite wat Pieter en ons saam met hom moet neem. Ons wil graag saam met hom sekerheid kry oor wat die Here se plan en wil vir sy lewe is. Ons kan nie ver in die toekoms insien nie, maar die Here kan, en Hy weet wat ons nou moet doen.
- Sugnét se ouers gaan deur 'n moeilike tyd. Haar ma se gesondheid ry wipplank. Hulle is ook baie alleen op die plaas en lyk dit of Telkom nou moed opgegee het om heeltyd gesteelde plaaslyne te vervang. Die bobejane het nou al 'n hele ruk weggebly maar die ander ongediertes nie. Bid ook vir haar ouers.

Ons wens almal van julle 'n baie geseënde Kersfees en 'n voorspoedige nuwe jaar toe. Ons gebed is dat die Here jou sal seën met Sy teenwoordigheid, en met alles wat jou hart begeer, en jy nodig het.

Ons Visie:Om God se Koninkryk te vestig deur gebed, evangelisasie en maatskaplike aksies. **Ons Missie**: Gebed, Evangelisasie, Mobilisasie, Transformasie

ONS BESONDERHEDE

9 Brocket Straat; Tel:0419228308 (huis); Pierre Sel: 0833703592
Sugnét Sel: 0834014517; www.goandproclaim.co.za
E-pos: outreach@global.co.za

Baie dankie aan NG Kerk Uitenhage-Noord vir hulle ondersteuning en NG Kerk De Mist vir hulle ondersteuning en die gebruik van die huis.

GAP NUUS

"...verkondig elke dag Sy reddingsdade" - Ps 96:2

NOV 2011

Persoonlike Nuusbrief van Pierre, Sugnét, Pieter en Eldi van Wyk

Vriende,

Die jaar het oud geword! Baie vinniger as wat hy veronderstel was. Dalk is hy ook moeg, en wil hy die lekkerkry klaarkry, sodat hy kan rus. Hierdie jaar was nie so belaai met hoogtepunte soos die vorige jaar nie. Die van julle wat by ons in die gemeente is sal ook opgemerk het dat die fotos op die dataprojekter skerm voor 'n diens maar min was hierdie jaar. Maar daar het baie gebeur wat dalk nie op kamera vasgevang kon word nie. Lees gerus meer hier oor ons doen en late en ons persoonlike nuus. Hier is ongelukkig nie plek vir alles nie.

Met die skrywe van die nuusbrief was Pieter amper so halfpad deur sy eindeksamen. Sover gaan dit heelwat beter as met die rekord eksamen, toe moes ons hom gereeld in die son sit dat die kleur net weer in sy kiewe kon terugkom. Sy punte was daarom ook soos verwag nie wat dit die vorige kwartale was nie maar dit was nog steeds baie goed wat hom baie na aan die top presteerders in Graad 12 geplaas het. Ons is steeds baie trots op hom. Hy het ook sy NBT (National Benchmark Test) goed geslaag wat hom sal toegang gee tot nagraadse studie aan 'n universiteit. Ons het so met die verloop van tyd die verskillende opsies vir volgende jaar saam met hom deurgewerk. Na verskeie moontlikhede ondersoek is, lyk dit tans asof hy die BEng in Megatronika by NMMU (Nelson Mandela Metropolitan University) gaan studeer. Hy is voorlopig goedgekeur hangende die uitslae van die finale eksamen. Die is bekend die 5e Januarie, 'n lang wag. Daar is ook nog die moontlikheid van 'n GAP jaar maar die opsies daarvoor is beperk. Daar is baie instansies wat 'n GAP jaar aanbied maar die meeste daarvan bied nie veel nie, behalwe om jongmense te help om hulle tyd op hulle ouers se rekening om te kry. Op die einde van die dag is dit vir ons belangrik dat hy en ons sal hoor wat die Here se plan vir sy lewe vorentoe is . So tot dan toe beur ons voort in gebed. Sodra ons saam met hom 'n finale besluit geneem het sal ons die volgende tree gee rondom vervoer,

akkommodasie, ensovoorts. Intussen doen ons aansoek vir beurse. Soos vir alle ouers wat hulle kinders laat studeer staan die studies soos 'n nuwe hek voor 'n koei. Jy wonder waar hy so skielik vandaan kom en hoe jy by hom gaan verbykom. Ons skep vertroue in die stories en getuienisse van baie ander mense wat al hierdie paadjie geloop het. Vir ons ouers was dit seker ook nie anders nie.

Die van julle wat in Uitenhage bly sal weet dat die dorp geseënd is met baie goeie skole. Een van die redes daarvoor is sekerlik die goeie en toegewyde onderwysers en skoolhoofde. Baie van hulle is ons vriende en het vir Pieter skool gegee en ander gee nou weer vir Eldi skool. Ons wil graag vir julle wat vir Pieter skoolgegee het bedank vir wat julle alles vir hom gedoen het tydens sy hoërskool loopbaan. Ons kon nie vir beter gevra het nie. Die sal vir die res van sy lewe vrugte dra! Eldi is ook baie gelukkig in Brandwag. Afgesien van die oefening wat sy kry het die landloop span haar baie gehelp om vriende te maak en 'n tuiste in die skool te kry. Dankie ook aan Mnr. Johan Cloete wat uit sy pad uit gegaan het om die landloopspan af te rig. En vir al die moeite om hulle die wêreld vol te ry. Ons en Eldi waardeer dit opreg!

Ons het as gevolg al die aktiwiteite hierdie jaar nie by 'n kunsuitstalling uitgekom nie. Dit was in die beplanning, maar moes dit oorstaan tot volgende jaar. Tussenin kry Sugnét darem kans om te skilder. Die patroon is nog dieselfde. Sy kry hierdie droom, partykeer in die nag, dan kry sy 'n prentjie, dan teken sy dit, dan verf sy dit, dan raam sy dit...partykeer. Dan kom die mense dan sê hulle, haai... weet jy wat? Nee sy weet nie, ons ook nie. Wat ons weet is dat ons self moes kos maak en die hond het op geen ander plek gelê as onder die kombuistafel nie. Dan sê die mense, hierdie skildery praat met my. Dan is ons so bly. Dit was die moeite werd. Die hond kan weer onder die tafel uitkom. Op my profiel op Facebook is daar fotos van die meeste van die skilderye. Kyk onder Sugnét's Art Route tussen die albums. Ons sal dit nog op Sugnét se profiel ook sit. Sugnét is gevra om volgende jaar te help skoolgee by Anja se creche met die vrolike naam van Huppelkind, langsaan Handhaaf Laerskool. Ons het daaroor gebid en ervaar dit is vir haar die regte ding om te doen vir volgende jaar. Afgesien van die ekstra inkomste wat gaan help met addisionele uitgawes volgende jaar is dit weer 'n ander geleentheid om 'n verskil in mense se lewens te maak, en vir Anja en Daleen te ondersteun in die wonderlike werk wat hulle daar doen. Ons sal maar net baie vir die kindertjies moet bid!

Baie dankie vir julle almal se belangstelling, ondersteuning en gebed die afgelope jaar. Ons waardeer julle opreg.
Pierre, Sugnét, Pieter en Eldi

harde werk.

Gebed—'n Leefstyl

Voor ons daarby kom. Ons goeie vriende Werner en Adel en hulle 5 kinders verhuis weer terug Argentinië toe volgende jaar as koördineerders van Harvest Evangelism in Argentinië. Hulle, veral Werner praat Spaans vlot so dis vir hulle nie te moeilik nie. William Dlamini, tans in Swaziland neem oor as Suid-Afrikaanse koordineerder en bly ons aan as bestuurslede van Harvest Evangelism Afrika. Die sinergie tussen Suid-Afrika en Argentinië het die afgelope jaar of wat agterwee gebly. Met Werner hulle wat daar is sal dit weer momentum kry. Konferensies is nog steeds uit vir ons Suid-Afrikaners as gevolg van die kostes, die word in Hawaii gehou, maar dit gaan nou makliker wees om hulle te besoek. Die plan is dan ook om van hulle kant af besoeke te fasiliteer en Suid-Afrikaners bloot te stel aan die plaaslike kerk daar, en hoe die kerk daar hulle roeping uitleef. Op ons webwerf onder Prayer Initiatives en dan Prayer Evangelism is daar inligting oor die proses, en hoe Prayer Evangelism (Gebeds Evangelisasie) besig is om groot dele van die wêreld te impakteer.

Ons het die geleentheid gehad om tydens die jaarlikse ringsitting met die predikante en gemeente leiers te kon praat oor 'n leefstyl van gebed, oor wat dit is en hoe mens dit kan toepas na aanleiding van Lukas 10. Na afloop daarvan het hulle ons gevra om te help met die praktiese implementering daarvan in die verskillende gemeentes. Dit is makliker gesê as gedoen maar ons is bly oor die geleentheid. Die beginsels daarvan is eenvoudig, die praktiese toepassing daarvan meer van 'n uitdaging. In kort, 'n leefstyl van seën word in die hart gebore waar ons begeer om te sien dat die Here in mense se lewens begin werk, of meer werk as wat Hy reeds werk. Ons word die katalisator vir daardie proses. Ons gee hom 'n kickstart. Ons word die suurdeeg. Hoe doen ons dit? Ons stel belang, doen moeite om uit te vind wat in ander mense se lewens aangaan, wat hulle omstandighede is, wat hulle uitdagings en probleme is. Lees tussen die lyne. Nie almal praat altyd ewe maklik nie. Doen moeite sonder om 'n oorlas te wees. As die deur na iemand se hart toegaan moet hom nie oopskop nie. Klop eers, as niemand oopmaak nie skryf die adres af , gaan later weer. En begin dan te bid vir daardie persoon of persone. Spreek die Here se seën oor sy of haar lewe, en die persoon se omstandighede uit. En kyk dan hoe die Here werk. Bid saam met daardie persoon as daar 'n behoefte is. Vertel hulle van die Here, op jou manier. Neem die leiding. Dis nie moeilik nie. Nou waar

gin en te bedryf klaar geskryf. In Engels ongelukkig. Daar gaan twee weergawes wees. Die een met net die kennis en die ander met die kennis en die geestelike lesse. Die gelykenis van die saaier om maar een te noem, is ‘n baie lekker storie om in die konteks te vertel. Anibrandfees hou volgende jaar ‘n Anibrand Agri Expo op Brandwag se hokkieveld. Die Expo begin reeds die Donderdag met ‘n konferensie vir die boere in Barkley Straat Teater wat handel oor grondhervorming en ongediertes . Dis nou twee verskillende onderwerpe! ‘n Deel van die Expo gaan in ’n groot tuin omskep waar projekte soos ons s’n, uitgestal kan word. Kontak gerus vir Louis en Anneli Botha as julle meer wil weet van Anibrand Agri, of wil help met die Expo. Hulle soek nog helpers.

Bybels

Een keer ‘n maand in OK Grocer se Foyer kan ons tannie Jemima se visie aan die lewe hou. Ons het al so hier en daar van die getuienisse gedeel. Daar is nog steeds ’n honger na die Here se woord. Baie mense wat daar verbyloop en die Bybels sien se hele gesigsuitdrukking verander soos in ‘n sekonde. Ek moet dit afneem! Dis lekker om te sien hoe mense nog bly word oor ‘n Bybel. Baie mense het vertel hoe bly hulle is dat hulle nou weer ‘n Bybel het, en hoe hulle dit gemis het, ander vertel dat hulle bly is hulle hoef nie meer ’n Bybel te deel nie, ander koop dit vir hulle kinders of mans of vrouens, daar was ook die een wat dit vir ‘n trougeskenk gekoop het. Nie ‘n slegte idee nie! In die proses het ons geleer watter kerke gebruik watter vertalings en gesangeboeke. Die Anglikane het die beste leesprogram, die Methodiste se gesangeboek is die gewildste, die ou vertaling van die Xhosa Bybel verkoop soos soetkoek en die grootdruk Bybel in beide Afrikaans en Xhosa in beide die ou en nuwe vertalings is verbasend genoeg nogal gewild. Dis natuurlik meer die ouer geslag wat dit koop. Baie mense het nie geld nie en moet omdraai en wag tot die volgende keer. Ander gaan soek geld. Die laaste keer was daar een ou man met die binnekant van sy matras onder sy arm. Dit is al wat oorgebly het na sy shack afgebrand het. Hy sou dit gaan smous het en dan teruggekom het om ’n Bybel te koop. Ons het hom nie weer gesien nie. Ek dink nie hy het eers R10 gekry vir die matras se binnegoed nie. Van die Somaliërs het al kom Engelse Bybels koop en was daar ook ‘n Ethiopiër. Ons kan Somaliese Bybles kry, maar die Ethiopiese Bybel is so skaars soos hoendertande. Hulle taal is bekend as “Amharic” en die vertaling van die Bybel in Amharic het ‘n baie oulike geskiedenis. Julle is welkom om die boektafel te besoek, of te kom help. Hou maar ons webwerf dop. Kyk onder “events”. Dankie Cynthia (McCleland) vir al jou hulp en

My Boesman!

Gawi werk onder die Boesmans. Ek ken nie vir Gawi goed nie. Hy is so bietjie onortodoks, seker hoekom hy net Gawi is. Ek het hom maar leer ken deur middel van e-posse en ‘n het ek paar keer met hom gepraat oor die foon. Hier van ons af is hy die eerste en naaste persoon wat met die Boesmans werk in Xanagas of New Xanagas in Botswana. Die plekkie is tussen Gobabis in Suid-Wes en Ganzi in Botswana sowat ‘n uur se ry duskant die grens. Die Trans Kalahari hoofpad wat Suid-Wes met Botswana verbind, loop deur Xanagas. En dis omtrent al wat ons weet van Xanagas. Dit neem kosbare plek op in die nuusbrief maar ek wil graag Gawi se storie vertel. Nou die dag kry ons die e-pos van hom: *S.O.S. My regteroog se retina is besig om te skeur of los te raak of whatever."ons, jy en ek, LEEF in HOM, beweeg in HOM en is in HOM." (Hand. 17:28). Ons het nou net gister by die huis gekom. Dina ry met haar bakkie - Hilux SR - en help om iemand te trek en die se huisie uit te verf. Ek sien die heel tyd so 'n swart bal voor my oog. Bid en sê dankie vir genesing - die kol bly - Dit lyk soos Nia Nel se Black moon. Ek dog toe laat ek die oogarts in Pta bel. Hy sê noodgeval. Dr. Roelofse opereer more middag - Vrydag middag by die Oog Instituut. Ek sal moet begin ry. Ek vra wat dit kos - R45,000!!!! Ek sê dat ek 'n Training - Kamp -Sport Center daarmee kan bou. Ek het 2 opsies. 1.Doen niks. Verloor my oog. Ek kom heel goed reg. Tik nou met een oog. 2. Begin ry - in die geloof. Daar is so R4,000 in die dammetjies. Ek sal die geld moet neer sit voor hulle iets doen. Ons het mos nie 'n mediese fonds nie. Wat sê jy? Is daar nog bietjie water in die sending budget?? As daar te veel is - na die oog reg is - kom ek sommer terug met bou materiaal. Die ander interessante ding is. Ek het mos 'n oor was probleem. Het dit probeer uitspuit met die tuinslang. Werk nie. Die Waxol wat dit moet oplos het bietjie warm gekry in die Glory Lorry - 50 grade plus in die son maak dit soos water. So. Ek sien en hoor nie goed nie. Watter les moet ek hier uit leer? Sal jou sê wanneer ek weet. Bel asseblief - of sms - as jy 'n plan het”.*

Twee dae later kom die volgende e-pos: *“GLORY !!!!!GLORY !!!!!!!!! GLORY !!!!!!!!!!!DANKIE VADER. Dankie ook dat jy gebid het. Gebed is die NB ste ding wat jy kan gee. Dankie vir jou wat water kon laat vloei het. Ek het toe baie duidelik van Hoofkantoor af gehoor dat ek moet RY. Dankie vir jou bevestiging ook. Ek het Donderdag aand begin ry - met die regteroog toe - stadig tussen die beeste en donkies deurgery - 4 keer afgetrek en geslaap. Op pad het Mac vir my Prof Roux se tel nr gestuur. Soos hoofkantoor dit gereël het - het hy*

'n kansellasie gehad - Vrydagmiddag. Hy is vol bespreek tot volgende jaar. Hy het onder lokale verdowing die vog met 'n naald gedreineer - gas wat stikstof absorbeer ingeblaas en dit druk die retina terug op sy plek. Ek hou van sy woorde: "Ek het nou my deel gedoen, nou kan Genesing begin." Vanoggend het ek nog so 'n mosaiek sig gehad - dit word al hoe beter. Sien hom 12 uur weer. Volgende week sal hy 2 gaatjies toe brand met laser. Weet nog nie wat dit sal kos nie. Sal omtrent 25% wees van ander gekwoteerde bedrag - of niks???? Sal met wat oorbly woeker in New Xanagas. Sal moet 'n ander bril kry. Ek is besig om te luister na die boodskap wat ek / ons van Hoofkantoor moet ontvang. Iets te doen met sien. Ons sien - maar ons SIEN nie. Ons hoor - maar ons HOOR nie. Dankie vir jou briefie. Ek het nie geweet ek het soveel vriende nie. THE LORD BLESS YOU!!"

Hierdie storie is so tipies. Ons kon ook daarmee identifiseer, en vir die Here dankie se vir Gawi, en vir hoofkantoor se genade ook vir ons. Ja daar is nog Boesmans. Hulle leef nie meer soos hulle vir eeue lank geleef het nie maar hulle is nog steeds duidelik onderskeibaar van ander etniese groepe. Hulle is ‘n verdrukte en uitgeworpe volk wat veg om oorlewing. Daar is baie van hulle wat die Here ken, en daar is baie wat hom nie ken nie. Geloofsgemeenskappe onder hulle is klein en dagreise van mekaar af versprei in Suid-Wes en Botswana. Ons was so amper tien jaar terug daar vir ‘n uitreik, nou wel nie op Xanagas nie maar so dagreis van daar af. Ons het nou al lank planne om weer daar ‘n besoek te doen in Gawi se rigting. Hopelik volgende jaar werk dit uit. Vir die wat belangstel in die Boesmans kyk gerus op ons webblad onder “Prayer Initiatives” en dan “Pray for the Bushmen”. Daar is baie inligting. In die proses van oplees het ek te hore gekom van die “Karretjie Mense”. Jy kry hulle daar in die Tankwa Karoo, Noord-Kaap se kant toe. Hulle is trekarbeiders en maak ’n lewe daaruit deur skape te skeer. Geneties is hulle die afstammelinge van die Boesmans wat die suidelike dele van Suider-Afrika bewoon het tot nog so 100 jaar terug (sien die webwerf en die verwysing na Prof Mike De Jong se navorsing). Behalwe genetiese ooreenkomste is daar geen ander meer nie. Dalk sal mens nog iets van ‘n Boesman se gelaatstrekke iewers in hulle ontdek. Die Karretjie Mense en die Boesmans se lot is nie veel anders as die van die meeste mense wat in baie van ons gemeenskappe bly nie, armoedig met baie verbandhoudende sosiale probleme. Wat maak hulle situasie dan anders? Dit is opgesluit in die geestelike roeping van hulle as ‘n etniese groep. As sogenaamde “eerste mense” of “first peoples” op die kontinent saam met die Khoi-Khoi, wat op sigself nou weer ’n ander storie is, is hulle geestelike roeping nou verweef aan hulle rol as wat bekend staan as die fondasie nasie. Dis ook ‘n lang storie wat meer

verduideliking verg by ‘n ander geleentheid. In kort kom dit daarop neer dat die Here met hulle ‘n spesiale plan en roeping het, wat verskil van die van ander nasies. Daarom bid ons vir hulle, en dat die roeping wat die Here op hulle lewens het in vervulling sal kom, en vir Gawi en sy Boesmans. Laat maar gerus weet as iemand belangstel om saam vir Gawi te gaan kuier, en vir die Boesmans, en om te sien hoe sak ‘n rooi son in die Kalahari.

Ander Nuus

Ons het in die vorige nuusbrief verwys na die ontwikkeling van die prototipe vir die groenteprojek so ons wil nie te veel daaroor uitwei nie. Hier in die agterplaas vorder dit goed en leer ons daarmee saam elke dag ‘n paar lesse. Kyk gerus op ons webblad onder “community work”. Daar is inligting oor ons vordering. Net in kort weer. Die visie is om ’n prototipe in ’n gemeenskap te vestig wat dan as ‘n basis gebruik word vanwaar mense opgelei kan word. Deur dit op die manier te doen is dit meer koste effektief en nie so tydrowend nie, en hoef mens net na ‘n paar plekke toe te ry, in plaas van elke werf waar iemand hulp nodig het. Nie almal in die gemeenskap stel belang daarin nie, so die wat wel belangstel kan dan self daar kom aanmeld, en betrokke raak. In die proses word ons soos julle ook seker, gekonfronteer met ‘n passiewe ingesteldheid wat verwag ander mense moet alles vir jou doen. Maar daar is mense wat hulle omstandighede wil verbeter.

Die kostes vir die vestiging van ‘n projek word bepaal deur die grootte van die perseel, ligging, die beskikbaarheid van grond, water ensovoorts. Daar is ’n projekvoorstel op die webblad. Met al die reen wat ons in die winter gehad het was daar ’n oorvloed van organiese materiaal om te verwerk vir kompos en het ek orals opgelaai, baie keer tot my gesin se verleentheid. So kon ons ’n surplus kompos opbou vir ons eie gebruik sowel as vir enige projekte wat van die grond af kom. Ons verkoop dit ook. Dit is nog 100% soos ons dit wil hê nie, maar dit werk. Wil jy weet wanneer is kompos goeie kompos? Week dit in ‘n sykous in water. As die water begin lyk soos Vyf Rose dan is dit goeie kompos. As dit dieselfde kleur word as daai bier wat die Engelse drink dan is dit baie goeie kompos. As dit die water glad nie verkleur nie gooi maar die kompos weg, of begin oor. Dankie vir Seppie wat die grassnyers hier kom aflaai het. Ons sal hulle hier oor Desember uitmekaar haal en weer aanmekaar sit vir ‘n kerwer. Ons het die handleiding oor hoe om ‘n groenteprojek te be-